LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

11 Mei 2022

Geagte Ouer/s

INSKRYWING VAN GRAAD 1 LEERDERS VIR 2023 – vanaf 22 Julie tot 19 Augustus 2022

Soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys, moet alle Graad 1 leerders vir 2023 se inskrywing deur die E-platform proses geskied.

Ons wil graag vroegtydig die belangrikste punte vir ouers deurgee om seker te maak dat u al die nodige inligting het en om u te help om hierdie proses suksesvol af te handel. Om teleurstelling en spanning te voorkom, versoek ons dat u die volgende inligting deeglik bestudeer en daarvolgens beplan:

1. **Geen inskrywing kan direk by die skool gedoen word nie**, maar moet deur die E-platform (internet) gedoen word – die doel van die stelsel is om alle ouers 'n gelyke kans te gee.

2. Let asseblief daarop dat die stelsel **nie voorkeur verleen aan Gr R leerders wat in 2022 by die skool ingeskryf is nie**. Die skool het geen beheer oor die proses nie, daarom moet u as ouer seker maak dat u kind deur die E-platform ingeskryf is, by die skool van u keuse. Ons sal u wel ondersteun in die verband.

3. Die stelsel gee wel **voorkeur** volgens die volgende kriteria:
   - Leerders wie se ouers in die skool se voedingsarea bly
   - Leerders wat reeds boeties/sussies in die skool het
   - Leerders wie se ouers in die voedingsarea werk

4. Die Departement het bevestig dat **E-platform inskrywings op Vrydag 22 Julie om 8h00 open** www.gdeadmissions.gov.za **en sluit 19 Augustus om 24:00.** Dis uiters belangrik dat u **so gou moontlik inskryf** – toelating geskied volgens 'n nommer volgorde, wat beteken dat wanneer die toegelate getal bereik is, die skool nie nog leerders kan inneem nie – hoe gouer, hoe beter om te verseker dat u kind in die skool van u keuse plek kry.

5. Maak asb seker dat u die korrekte selfoon nommer op die aansoek aandui aangesien die Departement u registrasie per sms sal bevestig.

6. Om u behulpsaam te wees met die inskrywingsproses, sal daar op 22 Julie 'n lokaal beskikbaar wees. Meld asb aan by die hoofhek waar u geskandeer word en die nodige vorm moet invul. Daarna sal ons u na die lokaal vergesel waar personeel u sal bystaan met die proses. Vir enige navrae skakel Mev Ansebè van Niekerk by die skoolkantoor.

7. Ons het reeds ons huidige graad R leerders se dokumente op leêr dus het u nie nodig om dit weer in te gee nie **maar u sal dit op die GDE se webwerf moet oplaai tydens die registrasieproses.**

Wees verseker dat die skool inligting aan voornemende ouers sal deurgee soos dit van die Departement van Onderwys ontvang word.

P H Ferreira
Skoolhoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton
Posbus 14022, Lyttelton, 0140 | **Tel:** +27 12 664 5798/9
E-pos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za
Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za
Webwerf: www.louisleipoldt.co.za